

3 November

Skrifgedeelte: Matteus 28
Fokusgedeelte: Matteus 28:18-20

Kerkwees is dissipel van die Almagtige God wees

Die soldate kry 'n groot som geld, byvoorbaat 'n groot beloning, om die boodskap uit te dra: Jesus se dissipels het sy liggaam gesteel om te kan sê dat Hy opgestaan het. Daar is getuienis dat hierdie boodskap baie effektief uitgegaan het. 'n Boodskap van omgekooptes vir finansiële gewin. Matteus se fokus en die klimaks van sy skrywe is die uitstuur van swakke mense wat Jesus se broers geword het (vs 10) in 'n koninkrykstaak sonder finansiële borg of gewin, maar met die wete: Al het Hy opgevaar hemel toe, Hy is by ons, al die dae ...

Geld en glans, fanfare en gewildheid, sal nie die kerk van die Here dra nie. Hy, die Koning Jesus Self, dra sy kerk. Hierdie opdrag en belofte strek verder as net aan die dissipels/apostels. Dit reik oor al die dae tot die voleinding en sluit ons as kerk vandag in. Geld, geleenthede en gewildheid is volop vir dwaalleraars. Vir ons as kerk is daar 'n wonder wat alle belonings oortref: Hy wat alle mag kon verkry het sonder 'n kruis, slegs deur die duiwel te aanbid, het nou deur kruis en opstanding oorwin en ALLE mag ontvang. Hy stuur sy kerk in sy heerskappy van liefde om van al die nasies dissipels te maak.

Jou doop in die Naam van die Drie-Enige God bevestig dat jy dissipel is, dissipel wat onderrig is en steeds onderrig word. Dit is onderrig wat nie op blote kennis gerig is nie, maar op dissipel wees. Jy kan dit wees met die versekering uit jou doop dat die Drie-Enige God in sy almag by jou en ons almal is, al die dae. Glo jy dit vas, sodat jy sorg dat jy in ALLES wat Hy beveel onderrig word (vs 20) en dit onderhou?

Kerkwees sonder dissipelskap is 'n innerlike teenstrydigheid. Belydenis sonder volle toewyding is 'n leë dop. Aksies en programme kan nie herstel waar nie uit die teenwoordigheid van die Almagtige God in liefde geleef word nie, waar nie gehoorsaamheid uit liefde is nie, waar nie die lig van die geloof uitgedra word nie.

Sing: Skrifberyming 12-3; Skrifberyming 15-1:2, 3, 4

Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)